Vyfde langspeler pas uitgereik

Laurika vind geluk in 'n pienk huis

Van Ons Korrespondent

LAURIKA RAUCH se huis op die kop is koejawelpienk. En liggroen.

En in dié pienk huis leef sy, haar man, dr. Chris Torr ('n lektor in ekonomie by Wits), die woelwater Simon en die nuwe kleinding wat in Desember sal aankom.

"Nee, die pienk is nie die onderlaag nie. Ons het ook nie die verf present gekry nie. Ons het die huis laat bou en die kleur versigtig gekies. En ons is gelukkig in ons pienk huis."

Haar sitkamer lyk bekender as die nuwe huis op die kop. Die son kuier saam in die vrolike en onopgesmukte leefkamer en die uitsig kyk ver oor Johannesburg se rante.

Simon is vier, vaak en sy keel is nog nie gesond nie. Sy mangels het gepla en is uit. Hy moet gaan slaap, anders kan hy nie vanmiddag saam met Ma winkels toe gaan nie.

Laurika Rauch is gelukkig.

Daar is vreugde oor die nuwe kleinding wat sy verwag. Daar is geluk om ma te wees. Daar is dankbaarheid oor haar lewe. En daar is nog die sangtalent wat sy kan uitleef.

Sy sing steeds – hier én in die buiteland. Haar vyfde langspeler, *Laurika op Versoek*, is onlangs uitgereik en bevat 'n keur van haar grootste treffers van die laaste jare.

Dié plaat spog met treffers soos *Kinders van die wind*, *Jy is te dierbaar*, *Toemaar die donker man* en *Alleen*. Nuwe nommers op die plaat sluit *Karoonag* (Coenie de Villiers) en *Ek loop die pad* (Amanda Strydom) in. Dan is daar ook Laurika se uitstekende vertolking van Jacques Brel se *Marieke*.

Nadat haar musiek oor die Belgiese radio gespeel is, het sy ook 'n geslaagde sangtoer deur België en Engeland onderneem.

In die laaste tyd tree sy saam met die pianis Wessel van Wyk op.

"Sedert ek saam met Wessel begin optree het, het ek geweldig in my musiek gegroei omdat ek hom as musikant so respekteer. Hy is 'n wonderlike pianis en 'n besonder musikale mens. Sy musikaliteit het my baie beïnvloed. Dis 'n voorreg om saam met hom te werk."

Laurika is gelukkig met die stof wat sy sing.

"Ek tref nie 'n onderskeid tussen kommersiële liedjies en luisterliedjies nie. 'n Goeie liedjie bly 'n goeie liedjie. Ek is afhanklik van goeie liedjies en respekteer liedjieskrywers soos Kupido.

"Toe die Afrikaanse lied met die luisterlied-beweging begin blom het, was daar baie liedjies van verskeie liedjieskrywers om van te kies. Toe die beste liedjies gekies is, het daar maar min oorgebly. Skryf jy nie self liedjies nie, sit jy vandag maklik sonder goeie stof. Daarom is jy gelukkig as jy 'n goeie liedjie kry om te sing."

Laurika het al self 'n liedjie – *Toemaar die donker man* – pragtig getoonset, maar is steeds afhanklik van liedjieskrywers se werk.

Met die nuus dat die donkerkop nog sing, gelukkig is en vir haar tweede kleinding wag, word dit tyd om te groet.

En met die wegry, word die pienk huis op die kop al hoe mooier.

LAURIKA RAUCH sê sy het nuwe geluk in haar persoonlike lewe en musiek gevind. Sy tref nie onderskeid tussen 'n kommersiële liedjie en 'n luisterliedjie nie. " 'n Goeie liedjie," sê sy, "bly 'n goeie liedjie." Lees berig hiernaas.